

Die reinigingswater (OP52)

Num 19:1-22

8 Augustus 2021

Ek moet erken hierdie hoofstuk is vir my een van die moeiliker hoofstukke sover in Numeri. Ek het bykans die punt bereik om dit maar net oor te slaan. Tot ek die kommentaar van James Philip gelees het – hy verwys na werk wat Wenham oor hierdie gedeelte gedoen het. Alhoewel ek nie heeltemal met hulle interpretasie saamstem nie, het hulle my gedagtes sinvol gerig. Ek gaan dus my interpretasie van hierdie hoofstuk bespreek, maar ek is oop vir verdere gesprek oor die betekenis van die hoofstuk en hoe ons dit in ons lewens moet toepas.

Kom ons begin deur ons te vergewis van die inhoud van Num 19.

Inhoud van Num 19

In vers 1-10 gee die Here voorskrifte aan Moses en Aäron rakende die voorbereiding van die sogenaamde reinigingswater. Die Israeliete moes 'n rooi koei bring wat sonder enige gebrek was en wat nog nie in 'n juk getrek het nie. Engelse vertalings praat tipies van 'n "heifer", m.a.w. 'n jong koei of 'n vers. Die koei moet vir Eleasar, Aäron se seun en dus 'n priester, gegee word. Hy moes dit uit die kamp laat bring waar iemand, nie hyself nie, die koei moes slag. Eleasar moes van die bloed neem en voor die tabernakel sprinkel. Daarna is die koei volledig verbrand – vel, vleis, bloed en mis ingesluit. Saam met die koei moes sederhout, hisop en bloedrooi wolstof verbrand word. 'n Ander rein persoon moes dan die as van die koei bymekaar maak en op 'n rein plek buite die kamp bêre. Eleasar en die persone wat betrokke was by hierdie handeling moes hulle klere was en hulle was tot die aand toe onrein. In vers 9 word hierdie handeling 'n sondeoffer genoem.

In vers 11-16 kry ons inligting oor wie hierdie as mog gebruik vir reinigingsdoeleindes: dit was bedoel vir die mense wat onrein geword het omdat hulle aan 'n lyk geraak het. Dit kon wees dat die persoon in 'n tent of in die oop veld gesterf het. Ongeag of die persoon doodgemaak is of gewoon gesterf het – as iemand aan die lyk geraak het, was hy onrein. Dit sluit verder ook die persone in wat in 'n tent gekom het waar iemand gesterf het, asook persone wat aan menslike beendere of 'n graf geraak het. In al hierdie gevalle was so 'n persoon 7 dae lank onrein, en hy moes hom op die derde en die sewende dag met die reinigingswater reinig.

In vers 17-22 lees ons detail oor die reinigingshandeling wat uitgevoer moes word. Daar moes van die as van die koei in 'n pot gesit word, en vars water daarvoor gegooi word. Dan moes 'n rein persoon 'n hisoptakkie neem en dit oor die onrein persoon (en ook oor onrein voorwerpe) sprinkel. Dit moes op die derde en die sewende dag gedoen word. Op die sewende dag moes die persoon wat gereinig word, ook sy klere was en hom bad – daarna was hy rein. Die persoon wat die reinigingswater gesprinkel het, moes ook sy klere was en was die res van die dag onrein.

As iemand onrein was en nie deur hierdie reinigingshandeling gegaan het nie, moes hy van die volk afgesny word, want hy het die heiligdom ontwy.

Om te begin dink oor die betekenis hiervan, moet ons eers na die volgende paar sake kyk: (1) Hoe vergelyk hierdie handeling met 'n tipiese sondeoffer, (2) Hoe vergelyk hierdie handeling met tipiese reinigingshandelinge, (3) Wat is die direkte konteks waarbinne die Here hierdie voorskrif gegee het, en (4) Hoe verwys die Nuwe Testament na hierdie handeling?

Hoe vergelyk hierdie handeling met 'n tipiese sondeoffer?

Ons lees in Lev 4 van sondeoffers. Volgens vers 1-2 was die doel met 'n sondeoffer om versoening te doen vir 'n onopsetlike oortreding van enige van die gebooie van die Here – daar het dus 'n spesifieke sonde plaasgevind, en wanneer dit duidelik geword het, is 'n sondeoffer gebring. Die detail van die offer het afgehang van wie gesondig het – in Lev 4 word verskillende gevalle bespreek: as die priester gesondig het (v3-12), as die hele volk gesondig het (v13-21), as 'n gesagsdraer gesondig het (v22-26), en as 'n gewone burger gesondig het (v27-35). In al die gevalle is 'n offer gebring as versoening, maar hoe hoër die posisie van die persoon was wat gesondig het, hoe groter was die offer wat gebring moes word. Kom ons kyk kortliks na die detail van wanneer 'n gewone burger gesondig het in v27-31: So 'n persoon moes 'n bokkooi (of skaap) sonder liggaamsgebrek bring. Hy het sy hand op die kop van die dier gesit wanneer dit by die slagplek waar die brandoffers geslag is, geslag is – d.w.s. by die tabernakel. Die priester het van die bloed aan die horings van die brandofferaltaar gesmeer, wat in die voorhof van die tabernakel gestaan het. Die res van die bloed het hy teen die fondament van die altaar uitgegooi. Die vet van die offerdiere is verwyder en op die altaar verbrand, en dit lyk of die res van die dier buite die kamp verbrand is (vgl v11-12).

Duidelik is daar groot verskille tussen so 'n sondeoffer en die handeling waarvan Num 19 praat: In Num 19 was dit spesifiek 'n rooi koei of vers wat gebring moes word, en met die sondeoffer vir 'n gewone burger 'n bokkooi of 'n skaap. In Num 19 is die vers buite die kamp geslag, met 'n sondeoffer by die altaar. In Num 19 het die priester net bygestaan en iemand anders het die dier geslag en verbrand, met die sondeoffer was dit die priester wat die offer gebring het. In Num 19 is van die bloed deur die priester voor die tabernakel gesprinkel, met die sondeoffer vir 'n burger is van die bloed aan die horings van die altaar gesmeer, en die res teen die fondament uitgegooi. In Num 19 is die hele dier verbrand, met die sondeoffer is net die vet op die altaar verbrand, en die res van die dier buitekant die kamp. Alhoewel Num 19:9 sê die koei is 'n sondeoffer, is daar egter beduidende verskille met 'n tipiese sondeoffer.

Hoe vergelyk hierdie handeling met tipiese reinigingshandelinge?

In Levitikus word verskillende reinigingshandelinge beskryf wat in verskillende situasies gebruik moes word. Kom ons kyk na twee sulke handelinge. In Lev 11:39-40 word voorgeskryf dat as iemand onrein was omrede hy aan die karkas van 'n dier geraak het, moes hy sy klere was, en was hy onrein tot die aand toe.

In Lev 14 lees ons van die reinigingshandeling as iemand onrein was omrede hy aan 'n velsiekte gelei het. In hierdie geval het die reinigingshandeling baie meer behels. Ek gaan nie op die detail daarvan in nie, maar in Lev 14:4 lees ons die persoon moes twee voëls bring, met sederhout, hisop en bloedrooi garing (klink bekend as jy Num 19 in gedagte hou), en volgens Lev 14:10 moes hy op die agste dag boonop twee ramlammers, 'n jaaroud oilam en 'n graanoffer bring. As hy arm was, kon van hierdie diere vervang word met duiwe. As jy hierdie reinigingshandeling vergelyk met die voorskrif in Num 19 wanneer iemand onrein was omdat hy aan 'n lyk geraak het, sien jy dat Num 19 baie minder van 'n las op die onrein persoon geplaas het. In Lev 14 moes die onrein persoon twee ramlammers en 'n oilam bring, terwyl in Num 19 was een koei gebring en haar as was gebêre en kon gedeel word deur verskeie onrein persone. Die koei was boonop nie eens deur die onrein persoon self gebring nie – dit was uit die volk gebring en die as kon deur enigiemand wat onrein was, gebruik word.

Alhoewel Num 19 'n reinigingshandeling was, was dit beduidend anders as ander reinigingshandelinge, en beduidend minder van 'n las op die onrein persoon as wat Lev 14 voorgeskryf het vir 'n persoon wat aan 'n velsiekte gelei het.

Wat is die direkte konteks waarbinne die Here hierdie voorskrif gegee het?

Num 19 volg na die gebeure by Kades-Barnea, waar die volk geweier het om die beloofde land te gaan inneem. Die gevolg daarvan was dat die Here geoordeel het dat die hele eerste geslag wat uit Egipte verlos is, in die woestyn sou sterf oor die loop van 40 jaar. Uit die eerste sensusopname het ons geleer hoe groot die volk was – ons het destyds gesê dit het beteken dat daar gemiddeld elke dag ongeveer 83 mense sou moes sterf. Wanneer iemand gesterf het, moes sy liggaam hanteer word, begrawe word – dit het beteken die mense wat so ‘n liggaam hanteer het, was onrein vir 7 dae. Daar was dus daaglik ‘n beduidende aantal mense onder die volk wat onrein was bloot omdat hulle die liggame van daardie eerste geslag wat besig was om uit te sterf, hanteer het. Dink jou dit in as elkeen van daardie persone twee ramlammers en ‘n ooilam moes bring soos wat die geval was vir ‘n persoon wat aan ‘n velsiekte gelei het – dit sou beteken het dat daar letterlik daaglik verskeie honderde diere geoffer moes word bo en behalwe al die ander daaglikse offers wat gebring moes word.

Onthou verder wat sedert Kades-Barnea gebeur het. Die afgelope paar weke het ons na die opstand van Korag, Datan en Abiram teen die gesag van Aäron en die gevolge daarvan gekyk. Ons het gesien hoedat die volk in Num 17:13 uitgeroep het: “Elkeen wat maar net naby die tabernakel van die Here kom, sal sterwe. Is dit dan heeltemal klaar met ons?” Hulle het dit uitgeroep omdat hulle verstaan het net die priesters mag in die tabernakel diens doen, en hulle mag nie. Maar in Num 17-18 het die Here aan hulle verduidelik dat daar wel vir hulle lewe is deur die hoëpriester, en deur hom het hulle ook selfs toegang tot die heiligdom (al was dit miskien nie so duidelik in die Ou Testament nie). In Num 19 voorsien die Here boonop in ‘n ander harde realiteit wat hulle in die gesig gestaar het: A.g.v. die groot aantal sterftes wat hulle in hulle midde sou hê, sou baie van hulle onrein wees, en tydens hulle periode van onreinheid was hulle toegang tot die tabernakel nog verder belemmer. Maar, omdat die Here hulle onreinheid ook nie net kon ignoreer nie – daarom gee Hy hierdie voorskrif waardeur hulle op ‘n toeganklike manier weer rein kan word nadat hulle in kontak was met ‘n dooie persoon.

Hoe verwys die Nuwe Testament na hierdie handeling?

Lees Heb 9:12-14. In vers 13 word spesifiek verwys na “die as van ‘n vers” wat op onreines gesprinkel word, wat ‘n direkte verwysing is na die handeling waarvan ons in Num 19 lees. Kan ek die volgende hier uitlig:

In vers 13 word gepraat van “die bloed van bokke en bulle”, asook van “die besprinkeling met die as van ‘n vers op onreines”. Die uitdrukking “bloed van bulle en bokke” herinner aan offers soos die sondeoffer waarna ons vroeër gekyk het, terwyl “die besprinkeling met die as van ‘n vers” verwys na die Num 19 voorskrif. Alhoewel ons gesê het dat daar beduidende verskille was tussen hierdie twee Ou Testamentiese handeling, kyk Heb 9 op soortgelyke wyses na die twee handeling: Enersyds was altwee in die Ou Testament bloot uiterlike handeling wat net uiterlik rein kon maak. Andersyds het altwee vooruit gewys na die bloed van Christus wat ons gewetes kan reinig, oftewel wat ons innerlik en werklik kan reinig. Alhoewel daar dus twee Ou Testamentiese handeling was, het Christus se offer beide vervul.

Num 19: Opsommend

Kom ons probeer opsom waaroor Num 19 handel: Aan die einde van Num 17 was die volk mismoedig. A.g.v. hulle opstand teen Aäron, het die Here dit duidelik gemaak net Aäron en die priesters mog in die tabernakel diens doen, met die hulp van die Leviëte. Die volk het gevoel hulle

het dus geen toegang tot die heiligdom nie, en daarom was dit klaar met hulle. Die Here het egter hierop gereageer op twee maniere

- In die eerste plek moes hulle verstaan die hoëpriester en priesters was noodsaaklik om die heiligdom te beskerm. Maar die volk moes ook verstaan dat daar deur die hoëpriester egter wel vir hulle hoop was op toegang tot die heiligdom, en dus op lewe, selfs ewige lewe. Dit was wat Aäron se bottende kerie aan hulle gedemonstreer het. Alhoewel dit so was dat die priesters voorregte gehad het waarin die volk nie kon deel nie, moes hulle ook verstaan dat dit tot die volk se beswil was dat die Here die priesters verantwoordelik gehou het vir enige oortreding teen die heiligdom (dit is die inhoud van Num 18). En natuurlik verstaan ons dat Jesus die ware Hoëpriester is wat vir gelowiges vrye toegang bewerk het tot die heiligdom – dit was die inhoud van laasweek se preek.
- In Num 19 regeer die Here op nog 'n manier op hierdie mismoedigheid van die volk. Die harde realiteit was dat a.g.v. hulle sonde by Kades-Barnea daar vir die volgende jare baie sterfgevallen in hulle midde sou wees, wat tot gevolg gehad het dat baie van hulle hierdie dooies moes hanteer en begrawe, en daarom sou baie van hulle onrein wees. Die gevolg was dat hulle nog minder toegang tot die heiligdom sou hê, bloot omdat hulle onrein was. Die Here het hierdie realiteit aangespreek deur 'n relatief eenvoudige handeling wat hulle moes uitvoer om weer rein te word, wat hulle maklik kon uitvoer sonder dat dit enige swaar las op hulle geplaas het deur groot getalle offers te bring. En natuurlik is Jesus se eenmalige en volmaakte offer ook die antitipe van hierdie Ou Testamentiese handeling waardeur hulle rein verklaar is.

Implikasies vir ons

Kom ons besin nou oor wat ons hieruit kan leer.

- Ons leer hier weereens dat die Here nie buite Sy karakter optree nie. In die eerste plek is Hy heilig. Sy heiligheid het dit reeds genoodsaak dat die eerste geslag oor die loop van 40 jaar in die woestyn moes uitsterf. Verder eis Sy heiligheid dat Hy nie bloot maar die onreinheid van persone wat in kontak met dooies was, kon ignoreer en oorsien nie, nee, Hy het verwag dat dit effektief aangespreek moes word. Verder is die Here ook genadig. Ons sien hier dat Hy die inisiatief geneem het om 'n voorskrif te gee, sonder dat Hy daarom gevra is, om die effek van die grootskaalse onreinheid a.g.v. die groot aantal sterfgevallen effektief aan te spreek. Boonop het Hy 'n voorskrif gegee wat realisties uitvoerbaar was en maklik deur die volk onderhou kon word. Maar die Here het ook steeds gehoorsaamheid verwag: Ja, Hy het 'n manier voorsien om die onreinheid aan te spreek, maar Hy het ook verwag dat alle onrein persone hiervan gebruik sou maak. Indien 'n onrein persoon nie van die genademiddel gebruik gemaak het nie, moes hy afgesny word van die volk, en die gevolg van sy onreinheid dra.
- Ons leer hier meer oor wat dit beteken as die Bybel Christus se offer as die volkome of volmaakte offer beskryf. Dink oor die volgende:
 - Laasweek het ons verwys na die feit dat Jesus deur Sy Hoëpriesterlike werk vrye toegang berei het tot die heiligdom op 'n nuwe lewende weg (Heb 10:19). Ons het al in die verlede daarvoor besin dat die Ou Testamentiese tabernakel hierdie nuwe lewende weg uitgebeeld het: Die voorhof met die brandofferaltaar en waskom beeld regverdigmaking uit, die Heilige met die lampstaander, tafel met die toonbrode en wierookaltaar beeld heiligmaking uit, en die Allerheiligste met die verbondsark beeld heerlikmaking uit. Jesus se volmaakte offer was in besonder uitgebeeld in die offers

op die brandofferaltaar – en daardeur is daar dus regverdigmaking gewerk. Dit is deur regverdigmaking dat mense gelowiges word.

- Maar dit is so dat selfs nadat iemand tot geloof gekom het, hy steeds in sonde kan val. Dit beteken nie dat so 'n persoon nie meer geregverdig is nie, dit beteken net hy het as 'n gelowige in sonde geval. 'n Voorbeeld hiervan is Dawid wat aan owerspel skuldig geword het. Hoe is in die Ou Testament vir hierdie sondes versoening gedoen? Wel, ons het sopas daarna gekyk: dit was deur die bring van die sondeoffer. Maar ons het ook in Heb 9:13-14 gelees dat hierdie sondeoffers tipes was van die volmaakte offer van Jesus. Jesus se volmaakte offer is dus enersyds genoegsaam om mense tot regverdigmaking te bring, en dit is andersyds ook genoegsaam om versoening te bewerk vir enige sonde wat iemand pleeg nadat hy geregverdig is.
- Num 19 leer egter dat Jesus se offer nog iets dek: Dink oor die onrein persone in Num 19 wat onrein geword het deurdat hulle aan 'n dooie geraak het. Was dit 'n sonde om jou afgestorwe dierbare te hanteer sodat jy hom kan begrawe? Nee. Hoekom het so 'n persoon dan onrein geword? Want die dood is die gevolg van sonde. Al het die een wat die dooie hanteer nie noodwendig gesondig nie, was hy onrein omdat hy in kontak met die dooie was, en dus in kontak met sonde was. Maar in Num 19 gee die Here 'n voorskrif hoe dit hanteer moet word, en Heb 9:13-14 sê hierdie voorskrif is ook in Jesus se volmaakte offer aangespreek.
- Die volk het onrein geword deurdat hulle hulle dooie volksgenote hanteer het, sonder dat hulle noodwendig gesondig het. Dit het gebeur omdat hulle onder 'n in-sonde-gevalle volk geleef het, waar dood aan die orde van die dag was a.g.v. hulle sonde. Wat nou van ons? Ons leef ook in 'n in-sonde-gevalle wêreld. Kan ons ook onrein word bloot deur in hierdie wêreld te leef, selfs verantwoordelik te leef, sonder om spesifiek te sondig? Ek dink so. Dink aan situasies soos die volgende:
 - Jy is in diens van 'n maatskappy en doen jou werk getrou. Elders in die maatskappy is daar egter mense wat nie eerbaar optree nie, en op oneerlike maniere inkomste genereer vir die maatskappy. Jou salaris word uit daardie fondse betaal. Alhoewel jy nie persoonlik oneerlik was nie, deel jy in oneerlike wins, terwyl jy maar net getrou jou werk gedoen het.
 - Jy is getroud, maar jou huweliksmaat is ontrou in die huwelik. Die huwelik eindig in egskeiding – iets waarin die Here geen behae het nie. Jy is deel hiervan, alhoewel jy dit nie veroorsaak het nie.
 - Dit kan in 'n gemeente plaasvind. Kyk na die gemeente in Pergamum (Op2:12-17). Jesus prys die gemeente omdat hulle getrou gebly het aan Sy Naam, selfs ten spyte van die feit dat die troon van Satan daar is en Antipas doodgemaak is. Maar Jesus spreek hulle aan omrede daar aanhangers van die leer van Bileam in hulle midde is. Jesus sê hulle moet hulle bekeer - as 'n gemeente, insluitende die persone wat getrou was.

Genadiglik leer ons uit Num 19 dat die Here voorskrifte gegee het waardeur die volk hulle kon reinig. En ons kan weet dat die volmaakte offer van Jesus ook voldoende is om ons te reinig van ons onreinheid in hierdie situasies. Laat ons dan getrou wees om ook in hierdie situasies ons voor die Here te verootmoedig, en te soek na hierdie reiniging.